

Gereformeerde Kerk Bellville – 7 Januarie 2018 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 18:12, 14 (p. 75)

- 12 Barmhartig, vol van derenis, is U vir wie barmhartig is;
en wie opreg is, U sal hom / ook met opregtheid teëkom.
By hul wat reinheid rein bemin, / hou U, die Heil'ge, U ook rein;
maar vir wie leef in valse skyn, / is U ook self verkeerd van sin.
- 14 Gods weg is gans volmaak soos Hy, sy woord van al wat smet is, vry,
soos goud, gelouter sewe maal. / Hy is 'n skild van keurmetaal
vir almal wat op Hom vertrou. / Want wie's daar buiten U, o HEER!
U is die Rots, geen ander meer, / op wie ons altyd weer kan bou.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE
wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe
Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit
die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 107:1, 2 (p. 533)

- 1 Loof God, omdat Hy goed is, / en goed is sonder end!
Meld dit, al wie behoed is, / verlos is uit ellend;
wat God uit elke land / in vryheid weer herstel het,
vry van die slaweband, / waarmee hul hom geknel het.
- 2 In woesteny verlore, / was daar vir hul geen pad
wat hul langs regte spore / kon heenlei na 'n stad.
Gebrek aan drank en brood / sou hulle laat versmag het
as God nie in hul nood / op hul geroep geag het.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 32:1, 3 (p. 151)

- 1 Welsalig wie van skuld en straf onthewe, / die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.
Want God wat groot is in barmhartigheid, / het hom vergewe en skeld die skuld hom kwyt.
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde / toereken wil die boosheid van die sonde
en wie se gees, van alle valsheid vry, / voor God ootmoedig al die skuld bely.
- 3 Ek het bely, o HEER – in sielerou nie / my hart gegrendel of my mond weerhou nie.
Ek het bely wat my van U vervreem, / U het my skuld genadig weggeneem.
Dus kom Gods volk, dus kom al sy bemindes / om Hom te soek terwyl sy guns te vind is;
die lewensee mag met sy golwe slaan, / dit deer hul nie, dit raak hul selfs nie aan.

Gebed

Psalm 103:2, 3 (p. 504)

- 2 Loof Hom wat jou, van skuldelaas onthewe, / genadiglik die sondes wil vergewe,
jou krankheid ken en liefderyk genees; / wat van die dood jou lewe weer verskoon het,
met goedheid en ontferming jou gekroon het, / en in die nood is Hy jou hulp gewees.
- 3 Loof Hom wat met die goeie jou versadig, / jou lewenskrag van nuuts af begenadig,
sodat jou jeug is soos die arendsjeug. / Die HEER doen reg – Hy is die hoogste rigter –,
vergeld die kwaad en straf die onregstichter, / maar aan verdruktes skenk Hy ruimte en vreug.

Skriflesing: Matteus 5:1-12; Lukas 10:25-37

Kernverse: Matteus 5:7; Lukas 10:37

Salig is die barmhartiges, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.

(Matteus 5:7 AFR53)

En hy antwoord: Hy wat barmhartigheid aan hom bewys het. Toe sê Jesus vir hom: Gaan en doen jy net so.

(Lukas 10:37 AFR53)

Tema: Offer is nie dieselfde as barmhartig wees nie

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, met die saligsprekings leer Jesus vir ons hoe Hy wil hê die burgers in sy koninkryk moet wees. Nog anders gesê: Jesus leer ons hoe Hy wil hê dat sy kerk en elke kind van God behoort te lewe. Die gelowiges se optrede moet sigbaar maak dat hulle aan die Here behoort. Daarom sê Jesus, onder andere, dat die gelowiges heilig moet wees, want God is heilig; of hulle moet volmaak wees, want hulle Vader in die hemel is volmaak. Vir gelowige sondaars klink hierdie verwagting van die Here onmoontlik. Hoe sal hulle ooit heilig of volmaak kan wees terwyl ons almal uit ervaring en uit die Skrif weet dat mense in hierdie lewe tog nooit volmaak kan word nie?

Ja, dit is waar, mense sal nooit uit hulleself volmaak of heilig kan word nie. Maar niks is vir God onmoontlik nie. Daarom het Hy dan ook sy Heilige Gees aan die gelowiges gegee om hulle heilig te maak. Hy neem meer en meer beheer van gelowiges se lewens oor sodat hulle meer en meer gewillig en bereid is om onder die heerskappy van Jesus Christus te buig. Wie onder die gesag van Christus buig, hom bekeer van sy sonde en doen wat die Here wil hê, wys met sy lewe en woorde dat hy heilig en volmaak gemaak word.

Vanoggend tref die Here Jesus nog 'n vergelyking tussen gelowiges en God ons Vader om vir ons duidelik te maak hoe Hy wil hê dat ons moet lewe. Hy sê: Wees barmhartig soos julle Vader barmhartig is, want ... salig is die barmhartiges, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word. Wat die Here met *barmhartig* bedoel, sal weldra in hierdie onderrig van Jesus aan ons duidelik word. Laat ons daarom eers let op wat barmhartig nie is nie.

Lukas vertel aan ons dat 'n sekere wetgeleerde, dit is iemand wat die wet van die Here baie goed ken en in staat is om ander mense die wet te leer, wou aan Jesus 'n strikvraag stel. Hierdie man was daarop uit om Jesus te toets. Waarvoor hy Jesus wou toets, is nie vir ons duidelik nie. Miskien was dit om te sien of Jesus werklik gesag het om te kan preek soos wat Hy doen, of miskien wou hy vir die mense wys hoe goed hy die wet van die Here ken, dalk nog beter as hierdie Man Jesus. Die wetgeleerdes en die Fariseërs was immers kop in een mus. Hulle het nie gehou van die wyse waarop Jesus die wet van God aan die mense leer nie.

Tipies van die Joodse gelowiges in daardie tyd, en tipies van nog baie ander mense vandag ook, vra hierdie wetgeleerde wat hy moet doen om die ewige lewe te verkry. Jesus maak egter asof Hy nie die strik wat hierdie man wil stel, agterkom nie. Jesus vra bloot vir die wetgeleerde: Wat staan in die wet van Moses geskrywe? Wat lees jy daar? Hierdie man is mos 'n wetgeleerde, hy moet mos weet wat God van 'n mens verwag.

Die wetgeleerde het inderdaad geweet wat God van hom verwag, naamlik dat hy God en sy naaste moet liefhê. Nadat hy Jesus se vraag beantwoord het, sê Jesus vir hom: Dit is

reg. Doen dit en jy sal die lewe verkry. Maar hierdie wetgeleerde gaan nie so maklik opgee nie. Jesus het nou wel nie in hierdie strik van hom getrap nie, daarom sal hy maar 'n volgende strik stel, want hy wil darem vir die mense saam met hom wys dat hy die wet van God baie goed ken, beter as enigiemand anders.

By homself het hierdie wetgeleerde geredeneer: Ek het God baie lief, want ek wy my hele lewe aan sy wet om dit te ken en aan ander mense te leer. Daarom sal hy maar 'n strik probeer stel oor die tweede deel van sy eerste antwoord. Hy vra toe vir Jesus: En wie is my naaste? Die wetgeleerde wil toets of Jesus darem die wet van God verstaan soos wat dit algemeen aanvaarbaar onder die Jode is. Hy verwag dat Jesus 'n lys van mense aan hom sal voorhou wat sy naaste is. Die Jode was immers lief daarvoor om lyste te maak van alles en nog wat.

Maar Jesus doen iets heeltemal anders. Hy vertel van 'n man wat deur rowers aangeval is toe hy van Jerusalem af op pad was na Jerigo toe. Die rowers het al die man se klere uitgetrek en hom geslaan dat hy halfdood daar langs die pad bly lê het. Na 'n ruk het dit toe so gebeur dat daar 'n priester met daardie pad langs kom. Maar toe hy die man sien, gaan hy vinnig verlangs verby. 'n Rukkie later het daar ook 'n Leviet by die plek gekom, maar ook hy het vinnig verlangs verbygegaan.

Priesters en Leviëte het die godsdiensgemeenskap van die Jode verteenwoordig. Hulle is mense wat die wet van die Here geken het. Hulle het immers gereeld die wet van die Here aan die mense by die tempel uitgelê en verduidelik. Ook hulle het geweet dat jy jou naaste moet liefhê soos jouself. Leviëte was tog die mense wat deur die Here aangestel is om in en rondom die tempel te werk en die priesters was verantwoordelik om die offers by die tempel te bring, vir die mense te bid en hulle met die seën van die Here te seën.

Priesters en Leviëte het groot liefde vir die werk van die Here gehad. Hulle het immers hulle lewens aan die werk van die Here toegewy. En hulle was stiptelik met hierdie werk, want wat sal tog gebeur as die offers nie op die presiese tyd gebring word nie. Die Here se saak is darem baie belangriker as om nou eers tyd te verspeel deur hierdie arme drommel wat platgeslaan is te help. Die offers en gebede vir die volk is darem nou baie belangriker as om hierdie man te help. Miskien leef hy nie eers meer nie. En miskien sit die rowers nog hier iewers in die bosse en wag vir nog 'n slagoffer. Die Leviet en priester wil nie een ten prooi val van die rowers nie. Daarom maak hulle dat hulle so gou as moontlik wegkom.

Buitendien, hulle albei gee mos gereeld en tot op die sent na hulle tiende by die tempel sodat daar mense kan wees wat mense soos hierdie man langs die pad kan help. Broers, susters en kinders, ons skud maklik ons kop in verontwaardiging. Hoe kan kerkmense so harteloos wees. Hulle is die mense wat ander leer om barmhartig te wees, maar dit lyk nie asof hulle eers self doen wat hulle sê nie.

Ons moenie te gou verder wil gaan om die barmhartige Samaritaan op die skouer te gaan klop nie. Ons moet ook nie te gou die priester en Leviet aangluur en iets toesnou nie. Was ons nie ook maar ons hande graag in onskuld en selftevreedenheid nie. Ons het mos 50 sent of 'n rand in die kollekesakkie van die diakens gegooi. Ons het mos klaar ons barmhartigheid gedoen. Die Here het mos die diakens aangestel om die armes en oues van dae en siekes met 'n geldjie en 'n handjie te gaan help. Ons moet net sorg dat hulle darem so 'n paar sentjies het om dit te kan doen en verder kan ons maar rustig voortgaan met ons die werk van die Here.

Geliefdes, om net jou geldjie vir die diakens te gee of vir watter ander organisasie ook al is nog nie barmhartigheid nie. As ons dit as barmhartigheid sien, dan weet ons nog nie wat barmhartigheid is nie. Sulke barmhartigheid is vir ons gemaklik, want dit hou die nood en ellende van my naaste op 'n gerieflike afstand. Ons maak ons wys dat daar darem iemand anders is wat die vuil werk sal gaan doen. Iemand anders sal die man wat halfdood geslaan is, kom ophelp en sy wonde versorg. Daar is mos mense wat betaal word om sulke werk te doen, die welsyn of watter ander nie-regeringsorganisasie.

Wie so maak en meen dat hy of sy barmhartig is, het van barmhartigheid 'n saak gemaak. Dit is 'n ding wat ons doen met so min as moontlike inspanning. Wie so barmhartig is se hart is nie betrokke by die persoon wat gehelp moet word nie. Die mens wat nood ly het ook maar geval so-en-so geword, 'n nommer op die boeke van die welsyn. Dit is onpersoonlike barmhartigheid wat inderwaarheid geen barmhartigheid is nie. Dit is 'n offer wat ons vir die Here bring, die geldjie is gegee, en nou is ons eers klaar met barmhartigheid tot die volgende kollektelys vir ons gebring word.

Jesus gaan verder met sy verhaal om vir die wetgeleerde te help agterkom wie sy naaste is en om vir ons te leer wat egte barmhartigheid is. Nadat die Leviet en priester daar verbygegaan het, het daar ook 'n Samaritaan met die pad langs gekom. Die Here gebruik juis die Samaritaan in hierdie verhaal, want die Jode het die Samaritane verag. Hulle is 'n klomp basters en hulle dien nie eers die Here by die tempel in Jerusalem nie. Hulle aanbid God sommer op 'n berg daar in Samaria. In die plek van die Samaritaan kan ons vir onself enige ander soort mens invul met wie ons nie graag wil meng nie.

Dit is nou juis hierdie veragte Samaritaan wat diep in sy hart geruk is toe hy die man daar halfdood langs die pad in 'n plas bloed sien lê. Hy het die man innig jammer gekry. Maar hy sê nie net, ag foei tog, nie. Hy het na die man toe gegaan, sy wonde met olie en wyn behandel en die wonde verbind. Olie en wyn was kosbare handelsmiddele waarmee hierdie Samaritaan handel gedryf het. Nou offer hy sy handelsware op vir hierdie man. Hy gee verder sy rydier vir die man om hom by 'n herberg te kry waar hy hom verder kan versorg. Tog is die Samaritaan nie haastig nie. Hy bly tot die volgende dag totdat die man bygekom het. Verder gee hy ook twee muntstukke vir die eienaar van die herberg sodat die man verder versorg kan word. En sou daar nog kostes wees, sal hy dit op sy terugreis kom betaal.

Egte barmhartigheid is om by die nood en ellende van jou naaste te gaan stilstaan om alles – tyd, geld, moeite en wat nog al – te ontsien omdat jy jouself nou persoonlik aan hierdie mens wil gee. Ons God gaan nie met 'n kollektesak rond om ons gawes en geld in op te vang nie, Hy vra ons hart, ons self. Dit is verbysterend dat die Leviet en priester by elke offer wat hulle al gebring het God se hart kon gesien het, maar nooit het hulle God se hart opgemerk nie. Daarom kon hulle ook nie hartseer word oor die ellende van die man daar langs die pad nie. God is barmhartig, dit wil sê sy hart breek wanneer Hy die mense se nood raaksien. En Hy ontferm Homself oor mense. Broers, susters en kinders, die woord *ontferm* kom eintlik van 'n woord af wat beteken *om nie hard te wees* nie. God ontferm, Hy ont-hard Homself, maar sy dienaars, die Leviet en priester, verhard hulleself teenoor die mishandelde man.

Indien hierdie verhaal wat Jesus aan ons vertel ons nog nie mooi laat verstaan wat barmhartigheid is nie, moet ons verder luister wat die Here ons God gedoen het. Wanneer God Homself aan Moses bekend maak, sê Hy dat Hy genadig en barmhartig is. Wanneer Hy ons nood en ellende as gevolg van ons sonde raaksien, sê Hy nie, ag foei tog, nie. Hy beweeg Homself om ons te help. En Hy help ons nie net op 'n afstand nie. Hy gooi nie net

reën, en sonskyn, kos en klere in ons kollekesakkies nie. Omdat sy hart breek oor ons ellende word Hy diep in sy hart geruk en kry Hy ons innig jammer. En Hy gaan verder. God gee Homself aan ons weg in sy Seun Jesus Christus. God die Seun kom slaan sy tent op in hierdie stukkende wêreld. Hy neem ons brose, menslike natuur aan en kom leef ons lewe hier op aarde. Hy kom soek die wat verlore is op, Hy ontferm Hom oor die sondaars, tollenaars en prostitute.

In die werk en lewe van Christus sien ons hoe barmhartig God regtig is. God gee Homself geheel en al. Hy help ons nie net op die been en sê: Gaan nou maar self verder mooi aan nie. God die Seun gee Homself totaal in ons plek voor God se toorn en wraak oor die sonde en ellende wat ons oor onself gebring het. Hy gee nie net twee muntstukke nie, Hy betaal die volle prys vir al ons sondeskuld voor God – Hy laat sy liggaam geskeur word en sy bloed vergiet word sodat ons geheel en al uit die ellende en nood bevry kan wees. Oor mense wat stukkend geslaan is deur die sonde ontferm God Homself en herstel ons in die persoonlike verhouding met Hom. Deur sy Gees leer Hy ons om te lewe in hierdie herstelde verhouding. Hy maak ons heilig, want ons God is heilig. Hy maak ons volmaak, want ons God is volmaak. Hy maak ons gewillig en bereid om barmhartig te wees soos ons Vader barmhartig is.

Salig is die mens wat insig gekry het in die hart van sy barmhartige God. So 'n mens sal nie meer hard teenoor sy naaste kan wees nie. Wie uit die herstelde verhouding met die barmhartige God lewe, sal 'n fyn aanvoeling hê vir dit waarop dit regtig aankom. So 'n mens sal sy hart vir sy naaste persoonlik kan gee sonder om iets terug te verwag, want God is steeds barmhartig met hom en haar, hulle is en bly steeds kinders van God aan wie Hy barmhartigheid bewys. Salig is die barmhartiges, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.

Amen!

Gebed

Slotpsalm 41:1, 2 (p. 210)

- 1 Welsalig wie die arme in verdriet / sy hulp en bystand bied!
God sal hom red, en in die dag van kwaad / is Hy sy Toeverlaat.
God sal sy lewe in kommernis bewaak / en hom gelukkig maak;
hom nimmer oorgee, dat sy teenparty / oor hom ooit voordeel kry.
- 2 As hy in krankheid op die siekbed is, / gee God hom lafenis;
sy liggaamswee en alle ongeneug / verander Hy in vreug.
Daarom roep ek: Wil my genadig wees / en my, o HEER, genees!
Want, ag, ek weet die oorsaak van my wee: / ek het teen U oortree!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
7 Januarie 2018